DR. P. A. VAN STEMPVOORT, Eenheid en Schisma. G. F. Callenbach, Nijkerk, 1950.

Hierdie wetenskaplike ondersoeking is 'n heruitgawe van die proefskrif van Dr. van Stempvoort en bedoel om te wees 'n bydrae tot die besinning van die Ned. Hervormde Kerk by die opstek van sy Kerkorde ten aansien van die vraagstukke rakende die ekumene. Vir die doel het die skrywer, uitgaande van die opvatting dat die geheel in die deel teruggevind word, 'n fenomenlogiese eksegetiese studie gemaak van gedeeltes van I Korintiers, waarin Paulus, meer as in enige ander brief handel oor die eenheid van die gemeente en bygevolg van die Kerk, volgens die stelling van A. G. Hebert in sy The Form of the Church. In die Inleiding word 'n kort skets gebied oor die historie van die besinning oor die Eenheid van die Kerk. In 1836, twee jaar na die Afskeiding, het Baron van Hoëvell op 'n dergelike thema sy doktorale proefskrif ontwerp en die gewenste eenheid in 'n kragtige sentrale gesag, die synode, gesoek. 'n Rooms-katolieke tydgenoot, Möhler, soek die eenheid in die Heilige Gees en die hierargie as uiterlike teken daarvan. Andere soek dit in die gemeenskaplike aanvaarding van die Skrif, die belydensskrifte, die sakramente en die historiese episkopaat. Eenheidverstorend is die indra van politieke en filosofiese voorstellinge in die besinning van die Kerk.

Na aanleiding van 'n eksegetiese studie van 1 Kor. 1:1-3 kom die skrywer tot bepaling van een van die elemente van die eenheid: 'n gemeenskaplike liturgie. 'n Tweede eenheidsfaktor lê in die histories gemeenskaplike oorsprong en 'n derde in die apostoliese prediking en praktyk. Onder hierdie laaste word nie verstaan die opvatting van 'n apostoliese suksessie nie. In die derde hoofstuk, hoofsaaklik 'n bepaling van die begrip „liggaam" in I Kor. 10-12, konkludeer die skrywer dat die bron van die eenheid Christus en die Heilige Gees is. Sy slotbeskouing neem al die elemente wat uit sy ondersoek tevoorskyn gekom het as faktore van die eenheid in een geheel saam as die sensus catholicus uitgaande van die persoon van Christus.

A. S. GEYSER.

*   *